

SLEUTEL 5 - SWAARKRY

Hierdie week se tema handel oor die gevolg daarvan om 'n dissipel te wees van Jesus. Jesus waarborg dat ons sal swaarkry as ons kies om Hom te volg. Wat 'n waarborg nê? Is 'n waarborg nie veronderstel om die verbruiker te beskerm nie? Absoluut korrek. Die enigste verskil is dat dissipels van Christus nie *verbruikers* is nie (alhoewel baie ongelukkig so dink). Om dissipel van Christus te wees beteken juis om nie aan die ontvang-kant te staan nie, maar aan die gee-kant. Paulus beskou homself as 'n *doulos* vir Christus. *Doulos* word deur die 'fancy' Griekse woordeboeke as volg gedefinieer:

doulos (l) of being in a servile condition *enslaved, performing the service of a slave*; figuratively, of unquestioning obedience, in either a good or bad sense *subservient, enslaved, subject* (Rom 6.19)

Om 'n dissipel van Christus te wees, beteken dus om dienend (soos 'n slaaf) en gewend te wees – om *nie* aan die ontvang-kant te wees *nie*. Petrus skryf in sy eerste omsendbrief aan die Noordelike streek van Klein-Asië juis oor hierdie *doulos*-wees en wat die implikasies daarvan is.

¹⁸Bediendes (letterlik: *slaaf van die huis*), onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik. ¹⁹Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. ²⁰As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. ²¹Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.

Hierdie teksgedeelte kan op verskeie maniere geïnterpreteer word en ongelukkig ook uit verband en konteks geruk word. Baie meen dat hierdie gedeelte handel oor die lyding wat christene, as gevolg van hul navolging van Christus, kan en heel moontlik gaan ervaar (dink byvoorbeeld aan Perpetua en Polycarpus in die eerste eeu na Christus). Hierdie interpretasie is nie noodwendig verkeerd nie, maar ons moet in gedagte hou dat Petrus hier met *werklike* slawe van die samelewing praat. Daar was in daardie tyd 'n redelike probleem gewees rakende slawe wat in opstand kom teen hul werkgewers (eintlik 'eienaars'). Petrus is dus hier besig om met hierdie slawe (wat gelowiges is) te praat oor hul gedrag teenoor hul werkgewers. Dit beteken egter nie dat daar nie vir ons vandag 'n boodskap hierin vervat is nie.

In hierdie lewe beleef ons ongeregtheid op amper alle sferes van die lewe. Gaan loer gerus na die nuus en kyk hoeveel van die sake handel direk of indirek oor ongeregtheid en onregverdigheid. Die kans is baie goed dat elkeen van ons op 'n daaglikse basis onregverdig behandel word – al is dit net deur die persoon wat 'n laaste kans oor die rooilig waag en jou lewe in gevaar stel. Die vraag is: hoe reageer ons op hierdie onregverdigheid? Wanneer ons 'n oomblik neem en hierdie vraag bedink, besef ons dat Petrus in die boonste teksgedeelte eintlik ook direk met *ons* praat, nê? Ons reaksies op ongeregtheid en onregverdigheid spreek nie altyd van 'n gelowige se lewe nie. Wat probeer Petrus dan vir my en jou vandag hierdeur sê?

“**Verander jou ‘default’!**” Die ‘default’ is daardie dinge waarop ons outomaties terugval in sekere situasies. Hoe skakel dít met onregverdigheid? Die wêreld se reaksie op onregverdigheid is om vuiste te maak. Petrus daag ons uit om dit juis nie te doen nie, maar met God se oë (verlede week) die groter prentjie raak te sien. Die uitdaging is om onregverdigheid te benader op ’n Goddelike wyse – nie op ’n menslike wyse, soos die wêreld nie. Die Goddelike wyse moet ons ‘default’ raak. Dít moet die wyse wees waarop ons outomaties terugval in onregverdige situasies. Beteken dit dat ons onregverdigheid moet goedkeur en goedpraat? Nee, dit beteken dat ons onself nie sal laat daal tot op die wêreld se vlak waar ons met vuiste staan nie. Dit beteken dat ons, al word ons onregverdig soos slawe van die wêreld hanteer, deurgaande bewus sal wees van ons identiteit *in Christus (Imago Dei* – geskape volgens die beeld van God). Dit beteken ook dat ons daarom op ’n nederige en dienende (*doulos* vir Christus) wyse die ongeregtheid en onregverdigheid in die samelewing kan aanspreek, sonder om vuiste te maak.

’n Slaaf van die wêreld en ’n slaaf (*doulos*) vir Christus val terug op verskillende ‘defaults’. Die Heilige Gees vra, deur die pen van Petrus, dat ek en jy ons ‘default’ reg sal kies!

¹⁹Dit is **genade** as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy **aan God getrou** wil wees.

Om aan God getrou te wees, beteken dat Sy prentjie van wie jy is, jou ‘default’ sal wees, al beteken dit dat jy op ’n aardse manier onregverdig behandel word. Om God as jou ‘default’ te hê... DIT is genade!

Gaan leef, ten spyte van onregverdigheid teenoor jou, vanuit die wete: jy is ’n dienaar van Christus en dít maak jou ’n Koningskind. Mag dit my en jou ‘default’ wees!